e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 Junie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 19

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Tyd vir stil word en luister

Ek is gevra om van my indrukke tydens my stap (in my langverlof) van die Jakobusweg of Camino de Santiago weer te gee.

Ek loop die Camino Frances – 'n pelgrimsroete wat uit die Middeleeue dateer; dit is ongeveer 818 km lank. Hier is baie tyd om te dink, want al is daar baie stappers, stap jy meestal alleen. Ek het doelbewus my selfoon tuis gelaat. 'n Mens kan soveel kilometer loop as wat jy wil, maar 25 km is 'n goeie gemiddelde. Daar is oral dorpies met slaapplek. Omdat mense verskillende afstande stap, ontmoet jy heeltyd nuwe mense, en ander ontmoet jy weer en weer. Die stilte is waardevol, daar is bankies op mooi plekke waar jy sommer net kan sit en dink of aan niks dink nie of bid of luister.

Ek stap deur graanlande so mooi soos Swellendam s'n, en verlang huis toe. Hier, ver van mikrofoon of mense, het *Juig al wat leef*, *Op berge en in dale*, en *O Here U ken my volkome, U sien tot in my wesensgrond*… nog nooit so mooi geklink nie.

Ons slaap in albergues, dit is hostelle met slaapsale, en die beddens word uitgedeel soos die mense aankom. Aandete is kuiertyd. Die beste ete tot nou was in 'n klein albergue waar ons net vyf mense was. Ons het saam met die huisbaas geëet, elkeen 'n groot bak lensiesop/-bredie. Ons was van vier kontinente en ses huistale, en 'n paar kon geen Engels praat nie. Tog het ons met beduie en gelag en vertaal, gesels en oor die weg gekom, ek weet nie wat die probleem by Babel was nie. Die geselligheid van gedeelde ervaring, die anonimiteit, die misverstaan...

Vir die doel van die stap is ek 'n skaapboer van Swellendam (ek is mos 'n herder van Iemand se skape) en ek praat doelbewus nie eerste oor godsdiens nie. Tog het ek interessante gesprekke met verskillende mense. Die eerste dag in die sneeu gesels ek en Zoltan van Hongarye oor boeke. Hy sê dat hy die Bybel ook lees, maar nie verstaan nie. Sy Engels is minder as myne, maar ek probeer verduidelik van biddend lees en literatuursoorte en tyd en omstandighede en kommentare. Ek hoop Zoltan gaan as hy tuis kom, die Bybel beter verstaan.

My en 'n Amerikaanse egpaar, albei aptekers, se paaie kruis 'n paar keer. Hulle gesels oor godsdiens en het 'n probleem daarmee. Toe ek sê *real Christianity is not a religion but a relationship*, gaan daar vir hulle lig op. Hulle kom in Julie in die RSA kuier en dan sal ons die gesprek voortsit.

Marcelo is 'n sleepbootbouer uit Brasilië. Ons paaie kruis 'n paar keer en die vriendskap vorder. By 'n ete gesels ons oor godsdiens en geloof. Moontlik kyk hy nou anders na godsdiens en rituele en ek anders na geloof en belewing.

Die pad het my ook geleer met hoe min 'n mens kan klaarkom. Ons dra te veel letterlike en figuurlike bagasie saam. Die stap leer jou ook hoe eenders mense is, al is hulle hoe verskillend. Ek het gesels met mense van 19 verskillende nasionaliteite, almal saam op hierdie pad en op die pad van die lewe. Die meeste gesprekke gaan oor gewone dinge, probleme en vreugdes.

Daar is baie mense wat in Jesus Christus glo, baie kerke, almal glo verskillend, maar wat maak dit saak? As ons dink ons het iets van die waarheid, kan ons later dink dat net ons die waarheid het, en net daar het ons die waarheid verloor. Ons het 'n goeie teologie, maar watter waarde het dit as ons dit met niemand kan of wil deel nie? Ons kan dit nie deel as ons bang is vir ander nie. Ons moet luister en verryk word en in die proses van die goeie wat ons het, ook weggee.

Uit Burgos, met nog twee derdes van my stap voor, *buen camino*.
Tomàs

(Ds Thomas Joubert van Swellendam het eergister in Santiago aangekom, waar hy sy compostela, die bewys dat hy die Camino voluit gestap het – die volle 818 km – gekry het.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

Ds Antionette Janse van Rensburg

- **Ds Antionette Janse van Rensburg** (benoeming Wonderboompoort) na Noordelike Pretoria (benoeming)

  (Ons het verlede week verkeerdelik na Antionette as proponent verwys – jammer daaroor. Sy is reeds op Sondag 14 April in Gemeente Wonderboompoort georden en in die amp bevestig.)

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep/benoem en wag aansoeke in van predikante **(emeriti ingesluit)** wat nie voltyds 'n ander beroep beoefen nie en wat **permanent of vir 'n korter periode** in **deeltydse/ deelsorghoedanigheid** of as **pastorale sorg** in die gemeente kan werk. Profiel van gemeente: 130 belydende lidmate, die helfte ouer as 55. Diensbeskrywing: Gewone werk van 'n voltydse predikant met besondere klem op prediking, pastoraat en opbou van die gemeente. Vergoeding: Alles insluitend R14 000 per maand. Samestelling van pakket onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 / 082 410 5444, Frans Hamilton by 082 565 8293, of prof Bieks Beukes by 072 036 4960. CV's kan na **cbiggs@telkomsa.net** gestuur word. **Aansoeke sluit op 31 Julie 2013.**

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Prof Johan Buitendag se vader, Roelf,** is die nag van 19 Junie oorlede. Hy was 92 jaar oud. Ons innige simpatie gaan aan prof Johan en hul familie.

Prof Jimmie Loader

- Ons het die volgende e-pos van **prof Jimmie Loader** in Oostenryk ontvang: "Ek is voorlopig uit die hospitaal ontslaan en gebruik graag die geleentheid om baie dankie te sê vir die blyke van ondersteuning in die vorm van boodskappe, e-posse, kaartjies, telefoonoproepe, besoeke en ander gestaltes. Eerskomende Donderdag (20 Junie) moet ek weer teruggaan en hoor dan of 'n derde operasie gedoen sal word, of ek die regternier sal behou of nie en, indien wel, wat verder gedoen moet word. Die niersteen wat uitgehaal is, was nie die oorsaak nie maar 'n gevolg van 'n ou probleem wat dinge tot 'n punt gebring het. Op die oomblik het ek nie eintlik meer pyn nie en voel net nog flouerig, maar is gelukkig genoeg om 'n seun en 'n skoondogter te hê wat albei dokters is en onder die opsig van die senior pastoriemoeder, matrone en beskermvrou so goed omsien dat dit hier net so deeglik daaraan toegaan as in enige hospitaal. Nogmaals baie dankie vir die meelewing wat ek ten seerste waardeer."

Ds Chris Liebenberg

- **Ds Chris Liebenberg** en sy gesin van Gemeente Waterberg was onlangs die slagoffers van 'n rooftog terwyl hulle geslaap het. Baie sterkte aan ds Chris en Amanda.

- **ADV-termynbeplanning.** Die afgelope naweek het die Kommissie van die 6de ADV bymekaargekom vir ’n beplanningsessie. ’n Diverse groep mense wat bestaan uit jonk en oud, kort en lank; groentjies wat wil leer en strydrosse wat kan onderrig; gryskoppe, bleskoppe, koelkoppe en selfs ’n opregte Engelsman. Vir die volgende drie jaar is dit die mense wat met God se Genade, Liefde en Woord die barmhartigheidswerk binne ons Kerk moet stuur. Nie noodwendig ’n maklike taak nie maar ’n opdrag van Hom en ’n voorreg. Met doktor Roelf Opperman as fasiliteerder is gepraat en geluister, bespreek, beplan en konsepte op hul kop gedraai. Daar is ook baie gelag, bietjie gehuil, gekuier en saam gebid. In die proses het almal mekaar beter leer ken, as groep bymekaar gekom, en ’n gesamentlike droom het gestalte geneem: ’n beter wêreld, gebou op die fondament van Jesus Christus. Hou hulle gerus dop by **www.diakens.co.za**.

- **AGB-wenk:** Ouer mense het nie meer altyd ’n goeie besef van tyd nie en vergeet ook maklik afsprake. Wanneer jy gereël het om ’n ouer persoon êrens heen te vervoer, skakel so ’n uur vooraf om seker te maak die persoon onthou om gereed te wees. Vir meer inligting, kontak die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Om blind te wees, skei jou van goed; om doof te wees, skei jou van mense (Helen Keller).

- **Bydraes vir die *THT*.** Artikels word ingewag vir twee spesiale uitgawes van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* wat aan die begin van Augustus gepubliseer sal word: (1) Artikels wat oor verskillende aspekte van die kerklike lewe handel, byvoorbeeld ook teologiese besinnings oor die werk van die ADV en die NHSV. (2) Artikels wat handel oor die verhouding tussen Kerk en Fakulteit, en artikels oor teologie as wetenskap, kritiese teologie en Bybels-Reformatoriese teologie. Die artikels moet teen **einde Julie** ingehandig word en 2 500 tot 7 500 woorde lank wees. Kontak prof Natie van Wyk by **aim@mweb.co.za** vir meer inligting.

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 30 Augustus: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 31 Augustus: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 1 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Wonderboompoort: 60-jaar-viering: *Sixties***
  25, 26 en 27 Oktober
  Op kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria

Stuur groetewense, staaltjies, herinneringe en foto's vir gedenkblad
Baardgroeikompetisie vir die manne
Modeparade met toeka se klere vir die dames
Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting
Gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 20 Junie: Dr Annelie Botha (Mafeking)
  - Vrydag 21 Junie: Ds Hennie van der Linde (Vliegepoort)
  - Maandag 24 Junie: Di Piet Botha (emeritus) en Nico Janse van Rensburg (emeritus)
  - Woensdag 26 Junie: Ds Leslie Kern (Ebenhaézer)
  - Vrydag 28 Junie: Di Coen de Lange (emeritus) en Elsie Pretorius (Weltevreden)

Beplande vergaderings

- Vrydag 21 Junie: Finkom van die Ondersteuningsraad (OSR)
- Dinsdag 25 Junie: ADV-kommunikasie
- Woensdag 26 Junie: Werkwinkel van die OSR
- Donderdag 27 Junie: Werkwinkel van die OSR
- Vrydag 28 Junie: Werkwinkel van die OSR

Kursusse en toerusting

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Openbare lesing**
  Donderdag 8 Augustus om 19:00
  Dr Wim Dreyer: *Die resente kerkgeskiedenis van die NHKA*
  By die Fakulteit Teologie, UP
  Alle lidmate en ampsdraers is welkom om die lesings by te woon
  en aan die gesprek deel te neem

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809 of
  deoudepastorie.victoriawest@gmail.com
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782 of
  pieterjanob@gmail.com

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir ’n **student**. Dit bestaan uit ’n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 x etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: NUWE DATUM!**
  1 tot 17 Mei 2014
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Jaarlikse *Prawn*-fees**
  NOU OP Vrydag 26 Julie vanaf 18:30
  In saal van Hoërskool Suid-Natal
  Driegangmaal met eet-soveel-*prawns*-as-jy-wil as hoofgereg
  R150 per persoon
  Ete met hoender as hoofgereg teen R75 per persoon ook beskikbaar
  Besprekings is belangrik, want kaartjies verkoop vining
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

- **Gemeente Benoryn: Winterwarmfees**
  Vrydag 26 Julie van 15:00 tot laat
  Langs Linmed-hospitaal in Strubenstraat, Benoni
  Winterkosse, sop, brood en tuisgebak
  Uitstallers welkom
  Kom geniet die warm vure en heerlike kos
  Kontak Marlize by 072 117 0317

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke
  plus 5 dae en 4 nagte verblyf
  2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
  plus 4 dae en 3 nagte verblyf
  3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
  plus 3 dae en 2 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
  Plaas se professionele jagter kan gebruik word
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
  Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 29 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Modeparade met eie modelle en gasmodelle
  Hoëgehaltevleis teen billike pryse

Kaiings, pannekoek, *jaffles*, kerrie-en-rys, nagereg, tuisgebak...
Vissievang, skyfskiet, snoepie, verfbal...
Witolifantveiling, springkasteel vir die jonges
Potjiekoskompetisie, kolwyntjiekompetisie
Heelwat pryse te wen – pragtige loop-troupop, juwelekissie...
Navrae aan **jsjordaan@telkomsa.net**

- **Saterdag 29 Junie vanaf 10:00: Jaarlikse groot basaar**
  Drie Afrikaanse Samewerkende Kerke op Bulawayo
  Op kerkterrein hv George Silundika- en 13de Straat, Bulawayo
  Toeriste: Kry die goedkoopste vleis vir die res van jul toer hier
  Dit sal ook die beste kwaliteit wees!
  Kom kuier en geniet egte Zim-boeregasvryheid
  met koeksisters, pannekoek en alles wat mens op 'n basaar kry
  Navrae aan ds Theuns Botha 00263777008324 of **camelhors@gmail.com**

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet 'n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Rousmartseminaar**
  Saterdag 27 Julie
  08:30 vir 09:00 tot 14:00
  Sonja Smith Begrafnisgroep
  Ds Braam Klopper oor *Verstaan en hantering van mense in die rouproses*
  Sanlam-ouditorium, hv
  Lynnwoodweg en Sanlamstraat,
  Lynnwood Glen, Pretoria
  (Ingang in Alkantrandweg 11)
  Bespreek aanlyn by
  www.hanaevents.com
  Navrae: 012 997 0125 /
  083 306 4489
  Koste vir 4 ure intensiewe
  opleiding R475
  Ingesluit Braam Klopper se boek
  Wanneer woorde ontbreek
  asook kernaantekeninge
  Tee, koffie en verversings
  Predikante verdien 5 VBO-punte vir bywoning

plus 5 punte indien hulle ’n vraelys beantwoord oor die boek
HPCSA (sielkundiges, dokters, arbeidsterapeute, fisioterapeute, ens):
5 VBO-punte
SACSSP (maatskaplike werkers): 2,5 VBO-punte

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Ek wil graag via die *e-Hervormer* vir die *Konteks*-span opreg dankie sê vir *Konteks*. Julle is werklik begaafde mense. Die Kerk behoort baie trots te wees op hierdie uitstekende publikasie. In die besonder dankie vir die dubbelbladsy-fotobeeld van die 6de ADV (Julie-uitgawe). Dit was vir my opnuut lekker om die 6de ADV daardeur te herleef!”

Ds Gerhard Stoltz
Sekretaris: Kommissie van die ADV

AGTERBLAD

Publikasies vir Julie 2013

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel